# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



### GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

Ons het vandag by die skool ***Hemelvaart*** gevier en vir Laerskool Rynfield bly hierdie Christelike dae belangrik en doen ons moeite om dit te herdenk. Baie dankie aan Juf. Luvaine Schmidt en Juf. Talitha Schirmer wat aan die hoof van die reëlings gestaan het.







Daar is nog presies 14 dae oor voordat die eksamen begin vir die Gr. 4-7 leerders op ***Donderdag 28 Mei 2026***. Afbakenings vir die eksamen word ook hierdie week versprei. Eksamenreëlings is as volg:

### JUNIE EKSAMENREËLINGS

Gedurende die eksamen sluit die skool daagliks om **13:00** vir al ons leerders vanaf **Gr. 1 tot Gr. 7**. Vanaf **Donderdag, 28 Mei 2026,** sluit die skool dus daagliks om **13:00** vir al die leerders totdat die skool op Vrydag 26 Junie 2026 vir die wintervakansie sluit. **Op die betrokke dag is daar geen skool nie en die leerders haal slegs hulle rapporte by hulle registerklasse af.** ***Geen rapporte word in die voorportaal uitgegee nie.***

Al is die eksamen verby, kom die skool steeds daagliks om 13:00 vir al die leerders uit totdat die skole sluit. Leerders kan dus daagliks vroeër begin leer aangesien alle buitemuurse oefeninge in skooltyd afgehandel word en die personeel kans kry om te merk en punte te finaliseer vir die rapporte.



# RYNIENUUS



## LAERSKOOL RYNFIELD

***Gedurende die eksamen wissel die leerders vanaf Gr. 4-7 nie. Volgens departementele voorskrif mag laerskoolleerders gedurende eksamen nie tuisbly as hulle op die betrokke dag niks skryf nie. Bloktyd mag ook nie toegestaan word nie. Leerders kan ook nie vroeër afgehaal word nie en moet daagliks by die skool wees tot 13:00.***



## SESSIEBEPLANNING TYDENS EKSAMEN

| | |
|---|---|
| 07:30 | Skool begin |
| 07:30 – 08:00 | Register/Studietyd |
| 08:00 – 09:45 | Eksamen |
| 09:45 – 10:15 | Eerste Pouse |
| 10:15 – 11:30 | Kultuuroefeninge/Studietyd |
| 11:30 – 11:55 | Tweede Pouse |
| 11:55 – 13:00 | Sportoefening/Studietyd |
| 13:00 | Skool verdaag |

**In sommige vakke met langer vraestelle begin ons onmiddellik om 07:30 skryf. Moet asseblief nie u kind/ers benadeel deur laat te wees nie!**

**Ons wens al die Rynies sterkte toe met die eksamen en hoop almal bereik hulle doelwitte!!!**



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## LAERSKOOL RYNFIELD –
## Waar elke kind se avontuur begin!









# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## NETBAL







# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RUGBY



# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

### PRESTIGE REDENAARS

Onthou asb van ons Prestige Redenaars Toernooi wat plaasvind hier by Laerskool Rynfield op Saterdag 25 Julie. Binne die volgende week of twee sal al ons spanne en redenaars van 2026 uitnodigings ontvang vir die geleentheid, ongeag of jy geplaas het by die interne redenaars of nie. Asseblief ondersteun die groot dag.



### SPREEKKOOR

Die spreekkore het die week begin en daar is GROOT opgewondenheid. Onthou asseblief om vroeg op te staan vir oefening!

### DEBAT

Ons werkswinkel wat laas week Vrydag plaasgevind het, was ‘n groot sukses. Dankie aan elke ouer, leerder en personeel wat van hierdie ‘n leersame middag gemaak het. Sterkte met die voorbereiding aan al ons debateerders.

### PRODUKSIE 2000

Volgende week Maandag word al ons Rynies lekker bederf met ‘n vertoning deur Produksie 2000. Die jaar fokus hulle op “boelies.”



# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

### ORATORS


Onthou dat alle Engelse spantoesprake as harde kopie voor die einde van Mei ingedien moet word.

### INTERSKOLE GAUTENG - 30 MEI

Ons het die program vir Interskole ontvang, ouers is welkom om op hul webtuiste dit te gaan aflaai. Alle deelnemers wat deur die skool ingeskryf was sal binnekort 'n brief ontvang met inligting. Let wel. Daar is die jaar 'n R40 hekfooi.

**Alle redenaars en spanne moet asb oefensessies met Juf. Coffey of Juf. Barbara reël sodat ons jul kan help opskerp. Sterkte en leer lekker aan jul toesprake.**

*Kultuurgroete, Juf. Coffey*



Stuur gerus enige navrae na kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za

# KOSKAS

**Baie dankie vir elke ouer wat so getrou help.**
**Hier is 'n advertensie vir items wat ons tans benodig.**



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SNOEPIE SPYSKAART:

| | |
|---|---|
| Maandag, 18 Mei | "2 Minute noodles" |
| Dinsdag, 19 Mei | Ontbytwraps |
| Woensdag, 20 Mei | Pasteie |
| Donderdag, 21 Mei | Vis & tjips |
| Vrydag, 22 Mei | Kombo @R50 - "Fully loaded chips", sjokolade en koeldrank |



# NASKOOL



LAERSKOOL RYNFIELD

## NASKOOL GESLUIT:



Die naskool sal gesluit wees op 15 Junie & 16 Junie.

## FINANSIES:

State is uitgestuur. Hou asseblief u rekening op datum.

## EKSTRA STUDIEKLASSE:

Ekstra studieklasse sal vanaf Maandag, 18 Mei in die pienkklas beskikbaar wees. Tannie Lucinda sal toesig hou.


Maandae – Donderdae 16:00 – 16:45

Leerders wat die studieklas ontwrig, sal onmiddelik verskoon word.

Gr 4-7 leerders wat belangstel, moet asseblief skriftelike toestemming vanaf hul ouers aan Juf. Ronel Fourie gaan wys, wat daarby sal teken.

## NASKOOL SPYSKAART:

| DATUM | ETE | 14:30 |
|---|---|---|
| Maandag, 18 Mei | Kouevleisbroodjies en slaai | Vrug & sap |
| Dinsdag, 19 Mei | Spaghetti Bolognaise | Vrug & sap |
| Woensdag, 20 Mei | "Hotdogs" | Vrug & sap |
| Donderdag, 21 Mei | Vis en tjips | Vrug & sap |
| Vrydag, 22 Mei | Vetkoek en maalvleis | Vrug & sap |



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**


# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

